HESSEQUA
Municipality Munisipaliteit
NEWS-LETTER / NUUSBRIEF

Issue / Uitgawe: 7
February / Februarie 2012

Burgemeestersboodskap / Mayoral Message

Beste Inwoner
Dear Resident

Matrieks!! Hoe wonderlik om te deel in die vreugde van besondere goeie uitslae deur al die skole in Hessequa. Meeste het hul slaagsyfer van die vorige jaar oorskry. Dit is 'n besondere prestasie. Baie geluk ook aan die A-kandidate. Dit is met harde werk wat dit verkry word. Daarmee wil ek nie die toewyding van ander matrieks gering skat nie. Ek wens u toe alles wat mooi is vir dit wat nog voorlê, verdere studie of 'n werksgeleentheid. Ons is trots op julle almal.

We have had wonderful weather for the enjoyment of all holidaymakers. Our season did not end without tragedy; two deaths due to a car accident and one due to a motorcycle accident. Our condolences to the affected families.

Our municipal staff are on full strength and much hard work is needed during the last six months of this financial year. I trust that you will take part in the process when feedback regarding the budget for 2012/13 is put forward at our Mayoral Outreach Meetings later this month.

Die pos van Munisipale Bestuurder is geadverteer. Nuwe wetgewing vereis dat, indien 'n Munisipale Bestuurder die vorige termyn ten volle gedien het, die volle aanstellingsproses gevolg moet word.
Ek het met die Munisipale Bestuurder in gesprek getree en is hy begerig om vir 'n verdere termyn aangestel te word. Die korrekte prosedure moet gevolg word anders sal enige aanstelling wat in stryd is met die wetgewing van nul en geen waarde wees. (Artikel 54A (4)(a)). Die Departement Plaaslike Regering: Wes-Kaap het die dienste van 'n konsultant bekom (ODS) om die werwings- en aanstellingsprosedure gratis namens die munisipaliteit te hanteer. Tans is mnr Jacobs waarnemend in die pos van Munisipale Bestuurder.

Ek wens u almal 'n suksesvolle jaar toe.

I trust that 2012 will be a successful year for all.

Regards

Emor Nel
Executive Mayor / Uitvoerende Burgemeester

Indien u enige aangeleentheid onder ons aandag wil bring, kontak die munisipaliteit by die volgende nommers /
For any enquiries or assistance, please contact the municipality at the following numbers:

HOOFKANTOOR / HEAD OFFICE

Riversdal
Tel: 028 713 8000
Faks: 028 713 3146
info@hessequa.gov.za
www.hessequa.gov.za

STREEKKANTORE / REGIONAL OFFICES

Albertinia
Tel: 028 735 8000
Heidelberg
Tel: 028 722 8100
Stilbaai
Tel: 028 754 6000
Gouritsmond
Tel: 028 745 3129
Slangrivier
Tel: 028 722 2503

HESSEQUA TOERISME
Tel: 028 713 8071
www.hessequa.net

Trans Agulhas

Op Donderdag, 29 Desember 2011 het die jaarlikse Trans Agulhas bote weer aan wal gekom by Stilbaai se hoof-strand, Lappiesbaai.
Dit was die tweede skof wat die oggend vanaf Mosselbaai vertrek het.
Altesaam 28 spanne het vanjaar deelgeneem aan hierdie strawwe wedvaart wat oor 5 dae plaasgevind het.

Die dag was sonnig en is uiters goed ondersteun deur die publiek wat die oggend al van vroeg af hul sitplekke op die sand ingeneem het.
Die span van Hennie de Bod & Jaco Kotze van Robertson Abbatoir met hul Thundercat-boot het eerste gearriveer met 'n tyd van 1 uur 9 min 48 sek.

Daar kan met opreg dankie gesê word aan die publiek wat goeie dissipline aan die dag gelê het.
Me Nerina Heyns, organiseerder van die Trans Agulhas, het haar goed van haar taak gekwyt.

Dankie aan al die munisipale amptenare asook die lewensredders wat gesorg het dat die dag glad verloop het.

Terug Op Die Lug Saam Met Eden FM

Hessequa Munisipaliteit keer terug op die lug by ons plaaslike gemeenskap se radiostasie, Eden FM.
Eden FM stasiebestuurder, Morné Pietersen, beoog om teen 1 Februarie 2012 die eerste uitsending in die tydgleuf 17:00 – 18:00 uit te saai.
Skakel elke Woensdagmiddag in op 93.8 FM om die nuutste nuus en veldtogte vanaf die Uitvoerende Burgemeester, Munisipale Bestuurder asook Raadslede te hoor.
Die publiek sal elke week op hoogte gehou word oor belangrike sake en gebeurtenisse in die munisipaliteit.

Openbare Byeenkomste & Optogte

Die Verordening is op 13 Januarie 2012 in die Provinsiale Koerant 6944 afgekondig en vorm deel van die Hessequa Munisipale kode. Verordening is van toepassing op enige geleentheid wat binne die jurisdiksiegebied van Hessequa Munisipaliteit gehou word.

In terme van die Verordening sal 'n 'geleentheid' enige openbare byeenkoms van ten minste 30 lede van die publiek in 'n straat of enige publieke plek wees. Hierdie definisie sal ook die volgende insluit:
(a) 'n sport-, ontspannings- of vermaaklikheidsgeleentheid, insluitend lewendige optredes;
(b) opvoedkundige-, kulturele of godsdienstige geleenthede;
(c) 'n besigheidsgeleentheid, insluitend bemarking- en openbare skakelingsgeleenthede en promosies of uitstallings;
(d) enige liefdadigheidsgeleenthede, insluitend enige konferensie, organisatoriese- of gemeenskapsgeleentheid;
(e) die maak van films wat van so 'n aard is dat dit 'n effek kan hê op verkeer of voetgangers of dat dit toeskouers kan lok; of
(f) enige soortgelyke geleentheid;

In terme van hierdie Verordening mag geen persoon 'n geleentheid aanbied tensy hy/sy skriftelik aansoek gedoen het vir 'n permit by die munisipaliteit nie. Hierdie aansoek moet ten minste 30 dae voor die geleentheid plaasvind, ingedien word. Die aansoek moet vergesel word van 'n deposito soos deur die Raad vasgestel asook alle relevante inligting soos uiteengesit in artikel 4 van die Verordening.

Die munisipale bestuur sal die aansoek oorweeg en sal die nodige voorwaardes stel waar van toepassing.

Indien 'n organiseerder enige voorwaardes nie nakom nie, kan goedkeuring ingetrek word. Boetes sal opgelê word in so 'n geval asook indien enige bepalings van die Verordening nie nagekom word nie.

Alle aansoeke kan gedoen word by Frikkie Muller by Hessequa Munisipaliteit.

'n Opvolg berig sal geplaas word sodra die boeteskedule gefinaliseer is.

Hessequa Strande,Omgewing & Dienste

- Die ruik-en-raakroete vir veral siggestremdes, is in Stilbaai-Oos deur die Minister van Gesondheid in die Wes-Kaap , mnr Theuns Botha geopen. Daar was talle besoekers om die wonder van die natuur te beleef.

- 'n Lewensgrootte replika van 'n walvis is by Witsand opgerig en onthul. Kinders en selfs volwasse persone wat nooit die voorreg het om 'n walvis lewend te sien nie , kan nou 'n goeie idee kry van hoe dit lyk.

- Inligtingsborde is by alle strande opgerig oor seelewe, seediere en die beskerming van die natuur. Besoekers kan vrylik kennis opdoen deur die inligting te lees en prente waar te neem.

- Oorgroeide erwe: Tans is hierdie 'n groot irritasie vir inwoners. Hierdie erwe veroorsaak 'n brand- en gesondheidsgevaar. Die huidige beleid en werkswyse veroorsaak 'n lang vertraging voor optrede deur die munisipaliteit kan geskied. Ons vra verskoning en sal spoedig hierdie proses aanspreek om 'n beter diens te kan bied.

Apology From The Printers

We would like to express our apologies for the incorrect perforations of the January newsletter. Unfortunately an error occurred during the printing and cutting process of the newsletter and some of the wording was lost. We have addressed this issue and the printers have assured us that they will do their utmost to ensure this does not happen again in the future.

Hessequa Municipality And Stellenbosch University Join Hands To Promote Sustainable Development

A memorandum of Understanding (MOU) was signed with Hessequa Municipality, at the Stellenbosch University on Monday the 5th of December 2011.
The MOU was signed by the Executive Mayor, Councillor Emor Nel and Prof Botman, Rector and Vice-Chancellor of Stellenbosch University.

Hessequa Municipality and Stellenbosch University have been working together since 2007 on an informal basis to solve socio-economic and ecological problems and infrastructure backlogs, and to address the developmental needs in the Hessequa region.

The MOU strengthens the co-operation between the two institutions and will promote sustainable development in Hessequa.

Hessequa Municipality's specific targets to be achieved by 2020:
- To be energy "neutral";
- To be a zero-waste society which recycles, re-uses and adds value to waste;
- To build sustainable integrated human settlements with a low carbon footprint;
- To restore, protect and manage all rivers and eco-systems to ensure water security;
- To develop human potential and foster a caring integrated society through educational, social and cultural programmes.

Hessequa Municipality and SU will also work together with local businesses, education and community organisations and non-governmental organisations to ensure sustainable local economic development.

Aanstellingsbeleid & Registrasie Van Werkloses

Die Hessequa Raad is bewus van die swak ekonomiese toestand in ons area asook die hoë werkloosheidsyfer. Die Raad het met die hersiening van die Aanstellingsbeleid dit in hul mandaat duidelik gestel dat daar gepoog moet word om sover moontlik en vir soveel as moontlik, mense die geleentheid te bied om voordeel te trek uit tydelike indiensneming (kontrakaanstellings).

'n Databasis van werklose persone word tans opgestel deur die Menslike Hulpbron kantoor. Hierdie databasis sal sover as moontlik gebruik word om tydelike aanstellings te maak. Tydelike werknemers sal op 'n rotasie basis aangestel word.

Alle werklose persone word aangemoedig om hulself te registreer op die databasis deur 'n aansoekvorm te voltooi en in te handig by die naaste munisipale kantoor.

Op hierdie wyse kan u of u familielede voordeel trek uit hierdie nuwe beginsel.